Die Afrikaner

R15
Bedryfskoste per eksemplaar

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2266 25 November 2025

sedert 1970

## *G20 word K13:*

# Afrika bedel alweer



Die “groot” G20-beraad het uiteindelik ‘n “klein” K13 geword nadat sewe staatshoofde besluit het om nié die beraad by te woon nie.

Die grootste vorm van protes het gekom van Amerika, waar pres. Donald Trump aanvanklik gesê het hy gaan dit nie bywoon nie, en waar hy later nog meer krag agter dié besluit van hom gesit het toe hy verklaar het dat niemand van Amerika dit sal bywoon nie. Na aanleiding van Trump se optrede, het ‘n hele paar ander staatshoofde ook aangedui dat hulle nie daar gaan wees nie.

Behalwe Trump was die staatshoofde wat nie daar was nie, Vladimir Putin van Rusland wat deur ‘n minister verteenwoordig is; Argentinië wie se president ook nie by die beraad was nie; Mexiko se president wat deur ‘n minister verteenwoordig is; Sjina wat deur sy premier verteenwoordig is omdat die president nie bygewoon het nie; Indonesië se president het besluit om nie te kom nie en die visepresident was in sy plek hier; en Saoedi-Arabië wat sy kroonprins gestuur het in plaas van hul koningin of president.

Amerika, wat die voorsitterskap van die G20 oorneem vanaf 1 Desember vanjaar, het aangedui dat hy ‘n junior diplomaat sou stuur om die voorsitterskap in ontvangs te neem, waarop Cyril Ramaphosa baie kragdadig geweier het om dit aan ‘n junior amptenaar te oorhandig. Die seremoniële oorhandiging sal nou by buitelandse sake se kantoor geskied – as Amerika se verteenwoordiger daar opdaag. Of Ramaphosa se krale-versierde voorsittershamer nou deur Amerika aanvaar word of nie, is hulle steeds vanaf 1 Desember die voorsitter.

Linkse media in Suid-Afrika het Ramaphosa se optrede probeer voorhou as ‘n “diplomatieke oorwinning” vir Pretoria, maar waarskynlik gaan daar nog lang trane gehuil word as pres. Trump vir Suid-Afrika uit die G20 skop. Hy het reeds gesê dat Suid-Afrika nie daar hoort nie, en Ramaphosa se optrede kan hom net nog meer aanspoor om die land uit te skop. Dan bly daar van die diplomatieke oorwinning nie veel oor nie behalwe skerwe.

Op die vooraand van die beraad het Ramaphosa apart met die Afrika-afgevaardigdes gaan eet en gesê Afrika se sake moet op die tafel kom. Uiteindelik is ‘n leiersverklaring uitgereik wat in wese neergekom het op ‘n Afrika-bedelary, omdat ongelykhede uitgeskakel moet word en armoede beveg moet word. In Afrika terme beteken dit dat ryk Westerse lande, hul hande diep in die sak moet steek in ‘n poging om die bodemlose Afrika-put van korrupsie, wanbestuur en doodgewone onbekwaamheid te vul. Duidelik het Trump nie lus daarvoor nie, maar selfs Ramaphosa se Brics-vriende van Rusland en Sjina ook nie.

Ramaphosa se skyn-vertoning van kragdadigheid was waarskynlik ‘n poging op sy eie posisie in die ANC te versterk. Dit volg op woelinge in die ANC waar sy leierskap uitgedaag word, en hy hom selfs bereid verklaar het om te bedank as hulle dit van hom verlang. Sy posisie is dus in wese maar haglik, net soos sy voorgangers Thabo Mbeki en Jacob Zuma se laaste dae in die presidensie. Deur homself nou as ‘n sterk staatsman voor te doen, hoop hy om tyd te wen dat hy darem nie té voortydig “herroep” gaan word nie.

Die K13 het in wese dus niks opgelewer nie. Alhoewel al die Europese lede se staatshoofde wel teenwoordig was, was hulle stilswye, en dié van Japan en Argentinië, opmerklik en veelseggend. Slegs die Franse president Macron, het na die tyd Suid-Afrika geluk gewens met ‘n “goeie beraad”, maar sy posisie in Frankryk is ongeveer dieselfde as Ramaphosa s’n in Suid-Afrika en het hy ook maar iets gesê ter wille van broodnodige publisiteit tuis.

Intussen moet die belastingbetalers betaal vir propaganda-advertensies oor die beraad wat oor radio en televisie uitgesaai is, selfs na afloop daarvan. ■

## Die Redakteur……

# Bendegeweld nou erger as plaasmoorde?

Daar gaan deesdae feitlik geen dag verby dat die openbare uitsaaier se nuusberigte melding maak van soveel of soveel sterftes wat waarskynlik verband hou met bendegeweld. Waar dit oorspronklik hoofsaaklik voorgekom het op die Kaapse vlakte, versprei dit vinnig met dieselfde intensiteit na Johannesburg en omstreke.

Laat ons dit duidelik stel: geen onnatuurlike dood is aanvaarbaar in enige gemeenskap nie: of dit bendes is wat mekaar skiet en in die proses omstanders tref, of dit plaasmoorde is, of mense wat sterf omdat ander wetsoortreders oor rooi ligte jaag en daardeur mense vermoor: dit is en bly onaanvaarbaar.

Helaas wil dit egter voorkom of dit 'n ingesteldheid is van minagting vir die wet en minagting vir ander mense se lewens. Aangesien wetstoepassing in die land klaaglik misluk het, is daar 'n toenemende aanname dat wetteloosheid dan maar kan oorneem, want dit bly in elk geval ongestraf.

Verkeerslui sal eerder die maklike teiken kies om mense wat per ongeluk oor die snelheidsgrens ry, af te trek en te beboet. Maar bittermin verkeerslui doen diens by verkeersligte om veral minibus-taxi's wat rooi verkeersligte verontagsaam, vas te trek. Die rede is waarskynlik dat hulle bang is om dié klomp aan te vat, omdat hulle ook al byna in bendes georganiseer is.

Baie polisiebeamptes weier om in gebiede te gaan waar daar bendebedrywighede is, want hulle vrees vir hulle lewe. Dus, as die polisie nie kans sien om hulle vas te vat en wet en orde te herstel nie, wie gaan dit doen en hoe sal dit dan ooit eindig?

Heelwat jare gelede was daar in die Wes-Kaap die Pagadgroep, wat dikwels 'n skrikbewind gevoer het in gemeenskappe met hulle berugte pypbomme. Toe het die polisie nog die vermoë en die lus gehad om op te tree, en Pagad se lede is aangekeer en hulle bestaan nie meer nie, behalwe dalk nog in die tronke waar hulle is.

Dit is helaas so dat baie misdaad oënskynlik kultuurgebonde is. Die bendegeweld is hoofsaaklik onder die bruin gemeenskap van die Kaap. Verontagsaming van rooi verkeersligte is hoofsaaklik sigbaar onder die minibus-taxibestuurders. Plaasmoorde vind hoofsaaklik plaas op blanke boere.

Dit wil nou voorkom of die media, ondersteun deur die FW de Klerk-Stigting, doelbewus poog om die aandag van die plaasmoorde te verskuif na bendegeweld.

Die huidige uitvoerende beampte van die FW de Klerk-Stigting, Christo van der Rheede, is tans een van die groot aktiviste teen bendegeweld. Hy het onlangs gevra dat bendegeweld tot 'n nasionale krisis verklaar moet word. Tydens 'n onderhoud op die staatsbeheerde openbare uitsaaier het hy die snert kwytgeraak dat die bendegeweld van 2025 teruggevoer kan word na kolonialisme en apartheid!

Die feit is dat bendegeweld juis aan die toeneem is en handuit ruk in die "demokratiese" Suid-Afrika en dat dit voorheen nooit die omvang gehad het wat dit nou het nie.

Van der Rheede, is self afkomstig uit die bruin gemeenskap van Piketberg, waar hy gebore is op die Goedverwacht Morawiese Sendingstasie, en hy het sy loopbaan as onderwyser in 1986 op die Kaapse Vlakte begin.

Hy was later ook uitvoerende hoof van Agri SA. Daar het hy plaasmoorde beskryf as 'n "epidemiese misdaad". Sover ons kon vasstel het hy nooit gevra dat plaasmoorde tot 'n nasionale krisis verklaar word nie. Hy het hom wel beywer dat die Nasionale Landelike Veiligheidsstrategie in werking gestel moet word – 'n inisiatief hoofsaaklik van die polisie en waarvan die sukses nog nooit werklik gemeet kon word nie as gekyk word na die voortdurende plaasaanvalle en -moorde, veediefstal en talle ander landelike misdrywe wat die boere teister. Dit was nie Agri Sa wat gevra het dat plaasmoorde tot prioriteitsmisdaad verklaar moet word nie, maar TLU SA en Afriforum.

Boere produseer voedsel, en ook die bendes eet die boere se produkte. Plaasmoorde behoort daarom steeds die hoogste moontlike prioriteit te wees by die wetstoepassers. Plaasmoorde is daarom eerder 'n nasionale krisis, want dit bedreig voedselsekerheid vir almal.

Om bendegeweld nou te koppel aan kolonialisme en apartheid, is net so vergesog as om te beweer dat plaasmoorde se wortels by die Groot Trek gesoek moet word. Beide plaasmoorde, bendegeweld en die moord op mede-motoriste deur oor rooi ligte te ry, is as gevolg van afwesigheid van wetstoepassing. Enige misdaad moet genadeloos gestraf word, en misdadiger behoort nie beskerm te word deur 'n humanistiese Handves van Menseregte nie. Mense moet op hul pligte en verantwoordelikhede gewys word. Die polisie en die hele strafregstelsel moet op hulle pligte en verantwoordelikhede gewys word. As almal hulle werk doen, misdadigers jag sonder onderskeid van persoon, hoef daar geen prioriteitsmisdaad verklaar te word nie, en hoef iets geen nasionale krisis te wees nie. Hou op om die verlede valslik by te trek om misdadigers en wese te verdedig.

Dalk moet veral die FW de Klerk-Stigting hom maar weerhou van sodanige uitsprake, en hulle besig hou om De Klerk se briefies op te pas. Dit was juis De Klerk wat hierdie bedeling op ons af forseer het, so hulle is die laaste om te kan praat! ■




# Die redes vir die Groot Trek

**Prof. Fransjohan Pretorius**

Gesien vanuit ons tyd lyk die redes vir die Groot Trek van die jare 1835-1845 vir sommige lesers dalk 'n bietjie absurd. Ons moet egter onthou dat geen gebeure in die verlede vanuit latere tydperke en met latere norme beoordeel behoort te word nie. Jy kan nuwe vrae vra, maar jy kan nie aan die denkrigting of mentaliteit van vroeër tydperke verander nie.

Die Groot Trek was 'n georganiseerde verhuising van sowat 17 000 wit mense (vroeë Afrikaners), met 6 000 gekleurde arbeiders aan die Oosgrens van die Kaapkolonie, uit 'n toestand wat vir hulle ondraaglik geword het. Die Britse beleid aan die Kaap en behandeling wat die grensboere van die Kaapse owerheid ontvang het, het as grondslag vir die ontevredenheid gedien.

Dr. Jan Visagie, soos prof. C.F.J. Muller voor hom, wys op ekonomiese en sosiale redes vir hierdie vreedsame rebellie.

Wat ekonomiese faktore betref, was grondbesit en grondadministrasie ’n belangrike oorweging. Die owerheid het geen verdere grensuitbreiding anderkant die Visrivier toegelaat nie. Die Afrikanergrensboere was veeboere, en voor 1830 was daar reeds 'n skaarste aan goedkoop bruikbare grond. Leningsplase het in 1813 plek gemaak vir erfpaggrond, wat wel erfreg beteken het, maar sonder besitreg. Jaargelde was duur en die administrasie gebrekkig. Vertraging in die uitreik van titelaktes het groot onsekerheid gebring.

'n Belangrike faktor was die groot verliese wat die grensboere aan die hand van die Xhosa gely het, veral in die Sesde Grensoorlog van 1835. Kompensasie was totaal onvoldoende. Die boere moes bowendien voorrade, beeste en perde vir die oorlogspoging afstaan en in burgerkommando's die grensverdediging waarneem. In die buitenste distrikte het rondswerwende bendes rooftogte en veediefstalle onderneem en ’n veiligheidsprobleem geskep. Hul getalle het toegeneem met Ordonnansie 50 van 1828 en die afskaffing van die passtelsel.

Ordonnansie 50 het vry gekleurdes en Khoekhoen- (Hottentot)diensknegte van gedwonge arbeid onthef. Die bedoeling was om kneg en veewagter op gelyke voet met sy werkgewer te plaas, maar sodoende is baie mag van werkgewers weggeneem.

Arbeidswetgewing oor slawe het spanning tussen eienaar en slaaf gebring. Met die vrystelling van slawe op 1 Desember 1834 wat vier jaar later van krag sou word, het eienaars as gevolg van allerlei administratiewe reëlings slegs een vyfde van die waarde van hul slawe ontvang.

Wat sosiale faktore betref, het die Afrikanergrensboere hulself op 'n hoër vlak as die inheemse bevolking beskou. Hulle het hulself as Christene en swart mense as heidene gesien, heersers teenoor onderhoriges, met laasgenoemde wat nou aan hulle gelykgestel word.

Die grensboere was ernstig gegrief oor hul verlies aan seggenskap met die afskaffing van die raad van landdros en heemrade.

Oor die algemeen was daar 'n gevoel van wantroue en vervreemding teenoor 'n Engelse owerheid wat nie aan hulle behoeftes aandag gegee het nie.

Was nasionalisme 'n oorsaak? Daar was 'n duidelike oogmerk om 'n onafhanklike staat te stig, maar 'n nasionale gevoel was nog onderontwikkeld. Nasionalisme was eerder 'n gevolg as 'n oorsaak van die Groot Trek.

Nie alle faktore het ewe swaar by almal geweeg nie, maar uiteindelik het een vyfde van die wit bevolking van die Kaapkolonie getrek.

*(uit: *Terugblik – 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

# Buiteland

## Nederland méér regs na verkiesing



Alhoewel die linkse media juig oor die agteruitgang van Geert Wilders se Party vir Vryheid (PVV) tydens die laaste algemene verkiesing in Nederland, is die feite dat Nederland méér na regs beweeg het.

Wilders en die PVV is deur die kiesers gestraf omdat hy die koalisieregering vroeër vanjaar laat val het.

Alhoewel D66 as die grootste party uit die verkiesing gekom het, is PVV feitlik ewe sterk as die D66.

Maar die D66-vertoning verteenwoordig nie ‘n swaai na links nie. Sentrumregse en regse partye het 89 setels gewen. Linkse en sentrumlinkse partye het 61 setels gewen.

Groenlinks/PvdA, ‘n uitgesproke linkse party, het van 25 setels tot 20 setels gekrimp, terwyl ander linkse partye ook setels verloor het.

Twee ander regse partye het setels gewen. Die Forum vir Demokrasie (meer regs as PVV) het van 3 na 7 setels gegroei. JA21 (net minder regs as PVV) het van 1 na 9 setels gegroei.

Die onderhandelings vir die samestelling van ‘n nuwe regering is aan die gang, maar gaan baie moeilik wees. D66 en die CDA is tans in gesprek met mekaar oor belangrike beleidspunte, maar hulle sal nie alleen ‘n regering kan saamstel nie.

Aan die een kant probeer hulle die regse partye uitskakel, en veral PVV word nie as ‘n koalisie moontlikheid gesien nie, juis omdat hy die vorige koalisie laat sneuwel het. Maar daar is ook partye wat sê dat hulle bepaald nie met die linkse Groenlinks/PvdA wil saamwerk nie.

Dit beteken dat Nederland waarskynlik nie ‘n meer linkse regering sal kry as die vorige keer nie. Die nuwe koalisie sal egter waarskynlik baie broos wees, met ‘n moontlikheid om ook weer uitmekaar te spat soos die vorige regering. Dan sal Nederland weer na die stembus moet gaan, en as die tendens voortduur dat regse partye bly groei, kan Nederland selfs in die afsienbare toekoms ‘n regser regering hê.

---

## New York kry Afrika-burgemeester

New York “spog” nou met sy eerste Moslem burgemeester, nadat Zohran Mamdani vroeër die maand verkies is as die nuwe burgemeester van New York City.

Mamdani is gebore op 18 Oktober 1991 in Kampala, Oeganda. Sy ouers is van Indiese afkoms: sy pa is Mahmood Mamdani (’n akademikus) en sy ma is Mira Nair (’n filmvervaardiger).

Hy verhuis met sy familie na New York toe hy ongeveer 7 jaar oud was, en het in 2018 Amerikaanse burgerskap gekry.

Hy het onder andere die Bronx High School of Science in New York bygewoon. Sy universiteitsopleiding het hy ondergaan aan die Bowdoin College (Maine), waar hy ’n BA in Afrika-studies behaal het. By Bowdoin het hy die eerste “Students for Justice in Palestine”-tak begin.

Hy is sedert 2021 lid van die New York State Assembly, wat distrik 36 verteenwoordig. Hy beskryf homself as ’n demokratiese sosialis, en hy word ondersteun deur linkse en progressiewe groepe.

Hy is die eerste burgemeester met Suid-Asiatiese afkoms en die eerste wat in Afrika gebore is, wat die amp inneem.

Sy verkiesing is die regstreekse gevolg van die Demokrate se oop-grens beleid – ‘n beleid wat die huidige president Donald Trump probeer omkeer.

Dit is egter te betwyfel of New York nog gered kan word.

Volgens die 2020 Sensus en nuwer data, is die samestelling van New York stad soos volg:

- Wit (nie-Hispanies): ~ 30,9% van die bevolking.
- Swart/Afrika-Amerikaans (nie-Hispanies): ~ 20,2%.
- Hispanies/Latino (enige ras): ~ 28,3%.
- Asiërs (nie-Hispanies): ~ 15,6%.
- Twee of meer rasse (nie-Hispanies): ~ 3,4%.

Ongeveer 36,3% van New York City se bevolking is buitelanders (immigrante) volgens die Amerikaanse Gemeenskapsopname (ACS). Verder is ongeveer 40% van alle kinders gebore van moeders wat immigrante is.

---

## Britse regering toenemend ongewild

Die Britse regering onder die linkse Arbeidersregering van premier Keir Starmer kry redelik die wind van voor, as gekyk word na meningsopnames en openbare betogings.

Volgens ’n onlangse Ipsos-peiling is net 16% van die publiek tevrede met hoe die regering dinge bestuur, terwyl 76% ontevrede is.

In ’n latere Ipsos-monitor (September 2025) het net 13% gesê hulle is tevrede met Starmer se werk, terwyl 66% meer ontevredenheid as tevrede is.

Tog meen die publiek nie dat die Konserwatiewes reg is om weer die regering oor te neem nie. Soveel as 64% van respondente sê die Konserwatiewe Party is nie gereed daarvoor nie.

Die party, Reform UK, gelei deur Nigel Farage, loop voor in baie onlangse peilings. Volgens Ipsos het Reform 34% steun, terwyl die Arbeiders 25% behaal het in hul peiling van Junie 2025.

Die openbare mening verskuif ook in terme van wie mense beskou as die “hoof opposisie”: 37% van die publiek sien Reform UK as die belangrikste opposisieparty, bo die Konserwatiewes op 33%. Volgens Survation-peilings kry Reform UK 27% steun, die regerende Arbeiders 26%, en die Konserwatiewes 19%.

Volgens ’n analise in *The Guardian* het die Arbeiders se peilings sedert hul oorwinning in die 2024-verkiesing met ongeveer 12,3 persent gedaal, wat een van die grootste dalings is vir ’n regerende party so kort ná verkiesing.

Daar was verskeie betogings, veral oor immigrasie en asiel-verwante kwessies.

Sedert Julie 2025 het daar betogings in verskeie dele van die Verenigde Koninkryk plaasgevind teen hotelle wat gebruik word om asielsoekers te huisves.

Sommige van hierdie betogings het gewelddadig geword. Daar is berigte van meer as 180 arrestasies en meer as 40 polisiemanne wat beseer is.

’n Groot opmars is op 13 September in Londen gehou deur ongeveer 150 000 mense wat daaraan deelgeneem het. Een van die groepe wat daarby betrokke was, was die regse Britain First-beweging, wat sterk anti-immigrasie is.

Daar was ook proteste deur boere teen nuwe belasting-inkomste vir landbou-erfgoed en boerderye




(“inheritance tax”).

Die peilings dui daarop dat die regering sterk onder druk is: hoë ontevredenheid en stygende steun vir alternatiewe partye soos Reform UK dui op ’n politieke verskuiwing. Daar is ook ’n gevoel onder die publiek dat die tradisionele partye nie hul beloftes nakom nie.

Die betogings – veral teen immigrasie-verwante beleide – wys dat daar sosiale en politieke spanning is rondom hoe die regering immigrasie hanteer. Hierdie proteste kan ook as ’n teken gesien word dat sekere kiesers voel hulle stem word nie gehoor nie, en dat hulle bereid is om aktief te mobiliseer.

Die boereproteste dui op ekonomiese spanning in die landbou-gemeenskappe, wat politieke implikasies kan hê, veral in landelike gebiede.

---

## “Stuur hulle terug”, eis Duitsers



Die Alternatief vir Duitsland-party (AfD) het meer as 'n dekade lank alarm gemaak oor die gevolge van massa-migrasie in Europa. Vir sy pogings het die Duitse politieke establishment gepoog om dié party en sy lede te verbied, te belaster, te ontwapen, en te kriminaliseer.

Noudat misdaad deur vreemdelinge te veel geword het om te verduur – sodat Berlyn weer eens 'n gevaarlike plek vir Jode en homoseksuele is – en die AfD te gewild geword het om te ignoreer, het 'n leidende Duitse amptenaar by die koor van diegene aangesluit wat sogenaamde asielsoekers uit Sirië wil repatrieer.

Van alle mense wat verlede jaar in Duitsland van misdade verdink is, was byna 42% buitelanders.

Kanselier Friedrich Merz, wie se sentrum-regse koalisie, bestaande uit die Christen Demokratiese Unie en die Christen Sosiale Unie-partye, kop-aan-kop in die meningspeilings met die AfD is, het verlede week hul deuntjie verander en voorgestel dat die grootste deel van die meer as een miljoen Siriërs wat die afgelope dekade die land binnegestroom het, die pad moet vat.

Merz het verder voorgestel dat hy met Sirië se terroristepresident, Ahmed al-Sharaa, sal saamwerk om die terugkeer te vergemaklik, het *Politico* berig.

"Die burgeroorlog in Sirië is verby," het Merz gesê. "Daar is nou geen gronde meer vir asiel in Duitsland nie, wat beteken dat ons mense kan begin repatrieer."

Die kanselier het verder opgemerk dat die Siriërs wat tydelik in Europa woon, 'n verantwoordelikheid het om hul oorloggeteisterde nasie te herbou.

"Sonder hierdie mense sal heropbou nie moontlik wees nie," het Merz gesê. "Diegene in Duitsland wat dan weier om na die land terug te keer, kan natuurlik in die nabye toekoms gedeporteer word." Marc Bernhard, 'n AfD-wetgewer, het onlangs aan PBS se "Frontline" gesê dat van die 1 tot 1,2 miljoen Siriërs wat nou in Duitsland is, "die meeste van hulle nie werk het nie. Die meeste van hulle is nie goed geïntegreer nie. Dis presies die probleem."

Minder as 290 000 Siriese burgers was na bewering verlede jaar in Duitsland in diens.

Sogenaamde asielsoekers uit Sirië ontvang meer as $500 per maand kragtens die Wet op Asielsoekersvoordele, sowel as ander voordele, insluitend behuisingsondersteuning, tandheelkundige sorg en gesondheidsversekering.

'Hierdie mense moet na hul vaderland terugkeer.' Benewens die dreinering van burgerlike hulpbronne, is Siriërs in Duitsland ook grofweg oorverteenwoordig in misdaadstatistieke.

Massa-migrasie na Duitsland vanuit die Midde-Ooste het die afgelope paar jaar saamgeval met 'n massiewe toename in verkragting en ander geweldsmisdade.

'n Studie wat deur die regering beveel is, het vroeg in 2018 aan die lig gebring dat daar 'n toename van 10,4% in geweldsmisdaad was op die hoogtepunt van die immigrasiekrisis. *Deutsche Welle* het berig dat 90% van hierdie toename in geweldsmisdaad toegeskryf kan word aan immigrante, hoofsaaklik mans tussen die ouderdomme van 14 en 30.

Buitelandse burgers het in die jare sedertdien voortgegaan om 'n kommerwekkende aantal misdade te pleeg. Federale polisie se misdaadstatistieke dui daarop dat 41,8% van alle mense wat verlede jaar in Duitsland van misdade verdink is buitelandse burgers was.

Die top vyf nasionaliteite van nie-Duitse verdagtes in 2024 was: Siriër, 114 889 verdagtes; Turks, 93 253 verdagtes; Oekraïens, 55 669 verdagtes; Roemeens, 65 041 verdagtes; en Afghaan, 49 427 verdagtes.

Die probleem met "ingevoerde misdaad" het verlede jaar so erg geword dat Olaf Scholz, die voormalige Duitse kanselier wat lank reeds sy voorganger Angela Merkel se oopgrensbeleid ondersteun het, erken het dat kriminele nie-burgers gedeporteer moet word.

Scholz het 'n maand nadat 'n Afghaanse immigrant 'n polisiebeampte by 'n anti-jihad-demonstrasie in Mannheim, Duitsland, vermoor het, gesê: "Dit ontstel my wanneer iemand wat hier beskerming gevind het, die ernstigste misdade pleeg."

"Sulke misdadigers moet gedeporteer word, selfs al kom hulle van Sirië of Afghanistan," het Scholz bygevoeg.

Net weke nadat Scholz dit gewaag het om die oopgrense-linkses in die Bundestag te ontstel, het 'n 26-jarige Siriese immigrant drie mense – twee mans van 56 en 67 jaar oud en 'n 56-jarige vrou – vermoor en nog ses ernstig gewond gelaat by 'n Christelike musiekfees in Solingen.

Die situasie het in die maande sedertdien verder versleg, wat Scholz se opvolger en ander Duitse *establishment*-aanhangers aangespoor het om die AfD se oproepe tot aksie te herhaal. Hulle blyk egter onwillig te wees om massa-deportasies ten volle uit te voer. In plaas daarvan oorweeg hulle glo die vooruitsig van die deportasie van kriminele Siriese burgers.

Merz het onlangs aangedui dat hy met al-Sharaa sal praat oor die deportasie van Siriërs wat skuldig bevind is aan misdade, terug na hul vaderland.

Die AfD stel duidelik nie belang in sulke halfmaatreëls nie.

"Ons sê dit baie duidelik: Siriërs moet nou hul beskermde status herroep kry, want die rede vir hul vlug is nie meer van toepassing nie," het AfD-medeleier, Alice Weidel, gesê twee dae nadat Duitse owerhede 'n Siriese man in hegtenis geneem het wat daarvan verdink word dat hy 'n jihadistiese aanval in Berlyn voorberei het. "Hierdie mense moet na hul vaderland terugkeer." ■

# Woord en wêreld

## Onderskeidingsvermoë!

***Deur Dr. Gideon Grobler***





*Dr. Gideon Grobler*

**Skrifgedeelte:** Heb. 5:14 *Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.*

**Oordenking:**

As gelowiges, geskape na die beeld van God, het ek en jy die opdrag om meningsvormers te wees, want ons is dissipels! Ons sonde bevlekte verstand, wat nie in staat is tot enigiets goed nie! Pred.7:20 sê: *"want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie."* As wedergeborenes, van wie Paulus aan die Korintiërs sê dat alles nuut geword het, ook/in die besonder hul denke, is ons toegerus met intellek en begrip. Ons het 'n honger na kennis (wat in besonder God se opdrag aan die man is (Gen.2)), 'n begeerte om sin uit die lewe te put en 'n gedetermineerdheid om te verstaan. Spreuke 18:15 praat ons ook aan daartoe! *"Die hart van die verstandige verwerf kennis, en die oor van wyse soek na kennis."*

Daar is egter 'n streep in die sand! Ons as gelowiges is nie ingelaat in die geheimenisse van God se ewige raadsplan nie! Daar sal dus altyd areas wees waar ons in die duister is! Ek verstaan Totius sou gesê het dat die Woord soos 'n rivier is, vlak genoeg vir die swakste swemmer om in te swem, diep genoeg vir die beste swemmer om te verdrink. God gee nie altyd vir ons antwoorde oor die dag tot dag gebeure in ons lewens nie, maar ... Hy gee Homself vir ons, skryf dr. Paul Tripp.

Wat beteken dit in praktyk? Ek moet onthou dat ek soos Paulus in 1Kor.13 sê: *"... Want ons ken ten dele ..."* Daar is eenvoudig dié sake wat God nie vir ons wil inlaat nie. Om daaroor teen die prikkels te skop, bring nie net spanning in my lewe nie, maar die geneigdheid tot ongehoorsaamheid!

Hoewel ons teksvers primêr gemik is op die onderskeiding tussen goed en kwaad, geld hierdie "oefen" ook vir hierdie terrein! Om geoefen te wees, om te aanvaar dat ek nie weet nie, maar geen negatiwiteit daarin te beleef nie, inteendeel! Om van wat die Vader voor my hand sit die beste te maak, maar te aanvaar wat ek nie verstaan of, op daardie stadium, buite my vermoë is, ook die beste te maak deur God te prys vir Sy Alwysheid! Die wonderlike gerusstelling dat dit in God se volkome beheer is, al verstaan ek dit nie! Om ook geoéfen te wees om te wág op die Here! Miskien maak Hy my dit bekend op 'n ander stadium, maar tot tyd en wyl, het ek waarlik vrede binne die Wil van God!

Hierdie "wag" op die Here verstaan ons nie altyd reg nie. Ons is só geneig om te dink dat aan die einde van die wag periode, gaan dít of dát gebeur, gaan ons die antwoord kry, terwyl die antwoord eintlik besig is om te gebeur terwyl ek wag. Wat met my gebeur terwŷl ek wag. Wat binne in my verander terwyl ek wag, is dikwels die antwoord! Hierdie onderskeiding moet ek oefen!

**Gebed:** *Hemelse Vader, skenk my asseblief die gawe van onderskeiding, om te weet wat ek moet weet, wat my opdrag is, maar asseblief ook die gehoorsaamheid om te berus in wat ek nie veronderstel is om te weet nie!*

**AMEN**

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Wat sê oud-Natte nou?

**Hermanus van der Schyff**

Ek gaan voort om die leuens van die NP voor hul oorgawe aan die ANC, die blanke publiek gedwing het om te glo hulle doen reg.

In een vraag hanteer hulle die vraag oor die polisie en hul antwoord soos volg:

"Die SAP beheer verloor ten opsigte van misdaad. Dit is gevaarlik om jou buite jou huis te waag. Die handhawing van wet en orde het in duie gestort; daar word gedreig en beloof, maar niks gedoen nie."

Hulle antwoord is: "Die SAP is ondanks 'n hoë misdaadsyfer ten volle in beheer van sake. Die oplossyfer vir ernstige misdaad was hoër as 50% verlede jaar. Dit is interessant om daarop te let dat die VSA se misdaad bykans dubbel dit is van Suid-Afrika. Niemand sal tog sê dat die VSA beheer verloor het nie."

(My kommentaar: *Die VSA het miljoene meer inwoners as Suid-Afrika. Dit is dus sinneloos om misdaadsyfers van die twee state te vergelyk. Die feit dat daar al voor die oorgawe so 'n probleem met misdaad was, sal mens skok om dit met misdaad van vandag te vergelyk. Kyk net na die twee komitees wat misdaad tans in die polisie ondersoek en jy sal verstom wees wat in wetstoepassing aangaan.)*

Die volgende vraag gaan steeds oor die SAP. Hulle stel die vraag, "Die polisie se hande is afgekap."

Hulle antwoord is soos volg:

"Dit is nie waar nie. Die SAP beskik vandag nog steeds oor dieselfde magte en bevoegdhede om sy wetopgelegde taak doeltreffend uit te voer. In die verlede kan die SAP in 'n 'noodtoestand' mense se vryhede makliker beperk — die huidige situasie regverdig egter nie 'n noodtoestand nie en tree die SAP binne sy wetlike bevoegdhede op."

(Opmerking: *kyk wat het die ANC met die SAP aangevang. Die klaers destyds was dus reg met hulle kommer oor misdaad en bekamping daarvan.)*

Die volgende vraag handel oor grondbesit.

"Toekomstige grondbesit vir almal: gaan plase onteien word?"

Hulle antwoord: "Nee, natuurlik gaan plaaseiendomme nie onteien word nie. Die oogmerk van die voorgenome skrapping van die wette op Grondbesit is juis om grond vir almal wat dit kan bekostig toeganklik te maak. Enige boer of huiseienaar kan nou verkoop aan wie hy wil, hy is en bly die baas van sy kaart en transport en handel daarmee soos hy wil.

"Die toeganklikheid vir almal verseker juis dat onteiening nie sal plaasvind nie omdat die situasie genormaliseer is en enige Suid-Afrikaner van en aan mekaar kan koop en verkoop. Elke eienaar besluit self!"

En wat het die ANC met hierdie wette en beheer bereik? Eers staatskaping en nou BEEE waar Blankes se werk beperk word, hulle skole deur vreemdes oorstroom word en ons taal vertrap word. Selfs grondbesit word nie meer soos in die verlede beskerm nie. En waar is die NP vandag? Hulle het handdoek ingegooi en tot niet gegaan en in die eens bose ANC opgegaan het. En wat sê hulle volgelinge daarvan noudat die strop so om die Afrikaners al stywer gespan word? ■




**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**

**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)***

## Oproep om te deel in Kersfeestyd

Ons beweeg nou na die einde van die jaar waar daar aan Geloftedag aandag gegee moet word en waar ons u oproep om Geloftedag saam met vriende te gedenk.

Maar ons kom ook nader aan Kerstyd waar mense soms heelwat geld aan geskenke uitgee. Ons wil op u 'n beroep doen om ook ***Die Afrikaner*** te onthou en ook 'n geldjie aan die publikasie sal stuur. Dit sal regtig waardeer word en help om sekere projekte aan te pak en uit te voer.

Die finansiële komitee wens u 'n rustige Desember toe en herinner u daaraan om steeds veiligheid in gedagte te hou.

**H van der Schyff**
*Hoofsekretaris: HNP, Pretoria*

---

# Boek te koop

## Visioene van die toekomstige Tweede Bloedrivier

Bestel dié insiggewende boek by Tom Vorster:
Sel.no. 060 359 7615.

Die prys is **R200** plus **R60** versendingskoste.




# "Sy doodkry was (nog steeds) nie"




'n Stel van **8 DVD's** (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer. Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak) of 'n geheuestokkie.**

# Afrikaanse Idiome (15)

In hierdie uitgawe word die vyftiende deel van mev. Lulu Steenkamp, onderleier van die HNP, se gereelde Afrikaanse idiome geplaas, as een van ***Die Afrikaner*** se bydraes om die 100-jarige erkenning van die Afrikaanse taal as amptelike landstaal.

Met die oog op vanjaar se 100-jarige herdenking van Afrikaans as amptelike landstaal, het mev. Steenkamp in die taal gaan delf en agtergekom dat baie Afrikaners, veral die jeug, nie meer vertroud is met die kleurrykheid van die taal nie, en nie meer weet wat van die beskrywende gesegdes of idiome beteken nie.

Mev. Steenkamp gaan in hierdie uitgawe voort om tien gesegdes te plaas, en voordat lesers na die antwoorde of beskrywings gaan kyk, sal dit dalk goed wees om eers te besin of hulle die gesegdes ken of kan onthou.

1) ‘n Perd het vier bene, en hy struikel ook; wat van ‘n mens met een tong.
2) Hy probeer om ‘n pil te verguld.
3) ‘n Plan is ‘n boerdery.
4) Iemand pluimstryk.
5) Praatjies vul nie gaatjies nie.
6) Hy het publiek gelieg.
7) Rapat wees!
8) Na die reën kom die sonskyn.
9) Roer jou riete.
10) Ou ryperd!

***Verduideliking***:

1) Elke mens maak ‘n fout. *(Toe err is human.)*
2) Hy probeer om ‘n onaangenaamheid aantreklik te maak. *(Toe sugar a pill.)*
3) As iemand ‘n goeie plan agtermekaar het, sal dit suksesvol wees. *(The planning of an undertaking is the main thing.)*
4) Iemand vlei. *(To flatter.)*
5) Dit help nie om net te praat nie, ‘n mens moet doen. *(It is no use talking.)*
6) ‘n Opsetlike onwaarheid. *(A deliberate lie.)*
7) Rats wees. *(To be quick.)*
8) Na moeilikheid kom geluk. *(Sunshine after rain.)*
9) Maak gou. *(Get a move on.)*
10) ‘n Uitdrukking van bewondering. *(Bravo! Well done! Excellent!)*

---


## Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898





**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




Partydae wens ek so in my stilligheid dat iemand nou daardie ellendige maanblom wil kom afkap, uithaal en klaarkry. Die ding is mooi, maar ook net 'n nimmer-eindigende bron van probleme.

Laasweek was hier glo weer mannetjies in uniform wat vir Bok en Bokkie kom dreig het met 'n boete oor die maanblom. Ai, en arme Bokkie was vreeslik ontsteld, sy is so erg oor die ou plant. Nadat hulle weg is, loop sy toe deur hulle groentetuin na hom toe om te kyk of daar dalk alweer 'n paar blomknoppe is. Met die opkyk, het sy nie mooi gekyk waar sy loop nie en oor 'n kluit van die wortelbedding gestruikel. Daar land sy toe bo-op die wortels en beet soos 'n skilpad op sy dop en kan haarself nie opkry nie, want sy is maar effe wyd van postuur. Gelukkig het Hendrik met Pêre verby gery en haar geroep gehoor. Hy het haar uit die groentebedding opgehys en huis toe gevat. Gelukkig het ou Bok toe net van die dorp af gekom en kon hy vir haar 'n koppie tee en bietjie kalmte gee.

Bokkie het gelukkig geen van haar brose oumensbene gebreek nie, is net vol blou kolle en na 'n dag of twee was sy weer volstoom aan die woel in haar kombuis.

Eintlik het ons eers 'n dag of wat later van die vallery gehoor en wel by Blikkies Buys wat ons ernstig kom spreek het daaroor.

"Oom Servaas, hier op Tweede Wind en Kwadraat woon 'n hele klompie mense wat al anderkant sewentig is. Dis die jare wanneer jou gebeentes nie meer so hard is nie en maklik breek. Boonop tel oumense nie hulle voete behoorlik op as hulle loop nie, dan haak dit vas en laat hulle val. Ons loop almal hier op voetpaadjies waar daar klippe, gate en graspolle is, wat mens kan laat struikel."

"Ek stem saam met wat jy sê," sê Servaas. "Ons het ongelukkig net nie die fondse om sementpaadjies oral waar die inwoners rondloop, te maak nie. Het jy dalk 'n ander oplossing?"

"Oom, ek dink die inwoners moet almal met kieries loop."

"Blikkies, jy is absoluut reg. Die probleem is dat mense wat ouer word, 'n weerstand teen kieries het. Ek dink dis omdat hulle nie wil oud lyk nie of iets, maar gewoonlik kos dit 'n vallery voordat hulle kopgee." Servaas loer skelm in my rigting. "Daar staan nog 'n tannie wat kierieverskrik is."

Blikkies teug aan sy koffie terwyl sy voorkop diep fronsplooie trek. "Oom Servaas, ek kan kieries maak, meer as wat nodig is. Ons moet net 'n manier kry om die kieries in gebruik te kry. Wat dink tannie Lettie?"

"Dit help altyd om bietjie suiker oor die kasterolie te gooi. Kan ons nie 'n kieriewedstryd hou met pryse vir die mooiste kierie en die beste of langste gebruik van 'n kierie nie?"

"Julle vrouens is altyd skelmslim," lag Servaas. "Blikkies, dankie dat jy ons aandag kom wakker maak het en dat jy bereid is om kieries te maak. Ons moet net sorg dat Andante hout kry wanneer hy dorp toe ry. Saterdag as ons braai om die boom, kondig ons die wedstryd aan."

"Goed so, ek bring sommer 'n paar voorbeelde saam dan kan ons 'n gelukkige trekking daarvoor hou."

Slim vang sy baas. My voet mooi in die slaggat gesit, nou sal ek teen wil en dank met 'n stok moet loop. Maar liewer dit as skilpad speel in 'n wortelbedding.

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie



# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: ________________________

____________________________ E-pos: ________________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: _______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: ________________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________

# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ______________________ op hierdie _____ dag van ______________ 2024.

_________________________

HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie